http://lexikos.journals.ac.za

# 'n Woord van AFRILEX

Vir enige vakvereniging is dit belangrik om 'n eie tydskrif te hê waarin lede hulle navorsing kan publiseer. Die totstandkoming en vestiging van so 'n tydskrif asook die erkenning van die wetenskaplike gehalte daarvan verg nie net baie beplanning en harde werk nie maar ook baie tyd. AFRILEX is in die bevoorregte posisie om in *Lexikos* 'n mondstuk te kry wat reeds gevestig is as 'n vaktydskrif en wat plaaslike en internasionale erkenning geniet. Vir hulle betrokkenheid by AFRILEX se aktiwiteite en hulle bereidwilligheid om van *Lexikos* 'n gesamentlike onderneming te maak, bedank AFRILEX die Buro van die WAT van harte.

Die entoesiasme waarmee AFRILEX as vakvereniging ontvang is en die sukses van dié vereniging se eerste internasionale kongres wat in Julie 1996 gehou is, gee meer as genoeg rede om te glo dat daar in Afrika 'n wesenlike behoefte aan gestruktureerde leksikografiese samewerking bestaan. In en deur *Lexikos* sal AFRILEX poog om die leksikografiese gesprek in Afrika aktief en produktief te hou. Verskeidenheid wat 'n wensenlike kenmerk van die leksikografie is, sal erkenning kry en daarom moet die klem in die artikels wat in *Lexikos* gepubliseer word, steeds op sowel teoretiese as praktiese aspekte van die leksikografie wees.

Rufus Gouws

*Voorsitter: AFRILEX*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za

# A Few Words from AFRILEX

It is important for any association to have a journal in which its members can publish the results of their research. However, it takes a lot of time and hard work to produce such a journal and to establish its status as an acknowledged scientific publication. AFRILEX is in the privileged position to acquire in *Lexikos* a well-established journal with a scientific reputation respected both locally and internationally. AFRILEX wishes to thank the Bureau of the WAT for their willingness to produce *Lexikos* as a joint venture with AFRILEX and for their commitment to the goals and activities of this association.

The enthusiasm with which the founding of AFRILEX was greeted as well as the success of its first international conference, hosted in July 1996, gave a clear sign of the need for structured lexicographic co-operation in Africa. With *Lexikos* as its mouthpiece AFRILEX will endeavour to stimulate an active and productive lexicographic discussion in Africa. Lexicography is characterised by its diversity. This will be maintained in *Lexikos* and the papers published in this journal will reflect both the theoretical and the practical aspects of lexicography.

Rufus Gouws

*Chairperson: AFRILEX*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)